

H O O F S T U K IVGEVOLGTREKKINGS

Die ondersoekgegewens het aangetoon dat daarteen opsigte van bepaalde houdings n gemeenskaplike benadering is tussen twee relatief ver uiteenliggende groepe soos die studente en die vroue-klerke. Die laasgenoemde groep se skolastiese opleidingspeil is aansienlik laer en oorwegend kom hulle uit n ander sosio-ekonomiese omgewing. Die beoordelings deur die studentegroep is deur die berekening van  $\text{Chi.}^2$  met die van die vroue-klerke vergelyk. In gevalle waar daar n statisties beduidende verskil tussen die twee groepe se beoordelings was, kon die betrokke houdings op grond van sub-kulturele invloede en omgewingsfaktore uitgeskakel word. Sodanige houdings is nie geskik om n algemene faktor van selfstandigheidsingesteldheid te bepaal nie.

Die feit dat in sommige gevalle die menings van ver-uiteenliggende groepe in n groot mate ooreenstem, gee n aanduiding hoe die openbare mening sy invloed ten opsigte van bepaalde norme vir die hele gemeenskap laat geld.

Die probleem dat menings onduidelik of selfs dubbelsinnig mag wees, moes in aanmerking geneem word. n Hoë konsentrasie van beoordelings binne perke van drie-eenhede op n sewe-punt skaal is as belangrikste onderskeidende maatstaf geneem. Die minimum konsentrasie is op 80% gestel. Indien die konsentrasievereiste hoër gestel sou gewees het, sou die toetsresultate wél duideliker wees, maar dan sou daar vir bepaalde punte op die skaal nie verteenwoordigende menings gewees het nie. Die feit dat die konsentrasienorm verslap moes word tot 80 persent binne perke van drie aaneenliggende eenhede op die sewe punt skaal, is in sigself n aanduiding dat die gemeenskapsnorm nie baie skerp omlin is nie. Binne elke gemeenskap is daar voortdurende

gedagtestrominge / .....

gedagtestrominge aan die werk wat bydra tot die veranderinge in die openbare mening oor verskillende tydperke. Dit word ook onder andere bevestig deur die verspreidingswydte van die beoordelings wat volgens die standaardafwyking feitlik oor die helfte van die skaal strek. Die verspreiding van beoordelings kan ook gedeeltelik aan ander faktore gewyt word, soos die menslike faktor. Dit is nie uitgesluit dat beoordelaars in uitsonderlike gevalle nie hulle beste samewerking verleen het nie.

Die kontroles het aangetoon dat die toets, binne perke, meet wat dit veronderstel is om te meet. Alles in aanmerking geneem, kan die skaal as geldig beskou word vir sover toegelaat word vir die moontlike afwyking van twee eenhede op die skaal. Om 'n geldige houdingskaal te ontwikkel sal dit noodsaaklik wees om die konsentrasievereistes vir beoordelings hoër op te skuif as die minimum van 80 persent binne perke van drie aaneenliggende grade op die skaal, soos in hierdie ondersoek toegepas is.

Op die basis van vyf skaaleenhede - deur die aanwending van die  $M_x$  as sentrale waarde as gevolg waarvan die uiterstes verdwyn - kan twee eenhede met 'n redelike mate van sekerheid uitgeskakel word. Indien die skaal 'n persoon byvoorbeeld as gemiddeld aandui, kan hy minder waarskynlik ook selfstandig of afhanklik wees. Die moontlikheid dat die persoon baie selfstandig of baie afhanklik sal wees is baie gering. Indien 'n skaal met meer as vyf eenhede ontwikkel kan word en die persentasie konsentrasie behou of verhoog word, kan meer eenhede ten opsigte van elke meting met sekerheid uitgeskakel word.

'n Faktor waarmee tydens die beplanning van die ondersoek glad nie rekening gehou is nie, maar wat uit die gegewens self navore gekom het, is die verskynsel van ambivalensie. Dit is moontlik dat 'n persoon ambivalente houdings mag hê. Hierdie ondersoek is nie toegespits om die omvang of invloed van ambivalensie te bepaal nie. Daarom is daar gevra dat begunstigdes die menings moes aandui waarmee hulle hul die meeste

verskeelwig. Dit is moontlik dat ambivalensie n geringe invloed op die resultate van hierdie ondersoek kan hê.

Die resultate van die ondersoek dui op verskillende tendense. In die eerste plek onderskei dit tussen n groep persone wat begunstigdes van onderhoudstoelaes is en n groep wat nie begunstigdes is nie. Die ondersoek dui duidelik daarop dat die verskil redelik groot is. Waar sowat 28 persent van die begunstigdes afhanklik en baie afhanklik is, is slegs sowat 7 persent van die nie-begunstigdes afhanklik en geeneen baie afhanklik. Dit kom neer op n verskil van 20 persent. Statistiese berekeninge bevestig n beduidende verskil tussen die reaksies van die twee onafhanklike groepe.

Die ondersoek dui duidelik aan dat die groep wat toelae ontvang in verhouding n swakker selfstandighedsingesteldheid het. Waar meer as n kwart van die begunstigdes n selfstandigheidstrewelae as die gemiddelde het, is minder as een-tiende van die nie-begunstigde groep onder die gemiddelde.

n Verdere verskil tussen die twee groepe is dat sowat een-agste van diegene wat toelae ontvang se selfstandighedsingesteldheid baie swak is, terwyl geeneen van die studente n baie swak ingesteldheid het nie.

Dit is opvallend dat vir beide die begunstigdes en die studente die grootste persentasie van elke groep n gemiddelde selfstandighedsstrewelae het. In die geval van die bevoordeeldes het net minder as die helfte n gemiddelde selfstandighedsstrewelae. In die geval van die studente het meer as die helfte en net minder as 3/5des n gemiddelde selfstandighedsingesteldheid.

Dit moet in gedagte gehou word dat daar aansienlike verskille tussen die twee groepe verwag kan word. Die persone wat onderhoudstoelaes ontvang is materiëel reeds afhanklik van die staat; selfs vir die voorsiening in sommige primêre lewensbehoefte. Die studente is uit n groep met hoër skolastiese kwalifikasies en die feit dat hulle hul verder bekwaam, wys in sigself op besondere ambisie, inisiatief en vooruitstrewendheid. Die skaal het differensiërende waarde en toon n beduidende verskil tussen die beoordelings van die twee onafhanklike groepe.

Hoewel die dalende neiging van onderhoudstoelaagbegunstigdes se selfstandigheidstrewes vanaf baie selfstandig na selfstandig, nie b6 alle twyfel bewys is nie, bied die ondersoek tog sekere verklarings wat meer lig op die saak werp. In die geval van begunstigde A, het die skaal haar as baie selfstandig aangedui en was sy verder deur ses beoordelaars as selfstandig bevind. Hierdie persoon is reeds vir baie jare aan baie moeilike lewensomstandighede onderhewig en desnieteenstaande het sy as persoon daarin geslaag om haar selfstandigheidsnorme te handhaaf. Daar is aanduidings dat persone wat staatshulp ontvang nie noodwendig afneem in hulle sterkte graad van selfstandigheid nie. Geval B is egter n persoon wat w6l in selfstandigheidsingesteldheid afgeneem het.

Die ondersoek toon aan dat die afname in selfstandigheidstrewes (en/of aanwesigheid van persone met basiese swak selfstandigheidsingesteldheid) geen besonder belangrike faktor by onderhoudstoelaaggevalle uitmaak nie. Selfs by Onderwyskollege studente met ho6r skolastiese opleiding dui die skaal op n geringer persentasie met swak selfstandigheidsingesteldheid. Wat egter w6l belangrik is, is dat sowat een-agstevan die onderhoudstoelaaggevalle baie tot afhanklikheid neig.

As diagnostiese instrument sal die skaal, binne die grense van sy beperkinge, hom leen as n instrument om -

- (a) ambivalensie te bepaal (hoewel dit nie spesifiek vir daardie doel ontwikkel is nie); en
- (b) gevalle van duidelike gebrek aan selfstandigheidsingesteldheid op te spoor.

Hoewel daar tydens die toepassing van die skaal nie spesifiek n studie van die verhouding tussen skaalmeting en openlike gedrag van begunstigdes gemaak is nie, het daar tog etlike gevalle voorgekom waar n

verband afgelei kan word. Sulke gevalle is byvoorbeeld die waar albei ouers aanwesig is die vader suiwer om ouderdomsredes die oudag tuis deurbring terwyl die moeder self ook nie aan beroepsarbeid dink nie. Ander faktore wat in verskillende fasette hiermee saamgaan, is n gebrek aan ondernemingsgees, swak belangstelling in- en benuttig van tuin of ander moontlike bronne van inkomste.

H O O F S T U K VDIE BESPREKING

Die afgelope eeue het gepaard gegaan met die ontwikkeling van 'n wyerwordende besef van onderlinge verantwoordelikheid op grond van humanisme en filantropiese gesindhede. Dit is 'n aansienlike ontwikkeling van die vroeë jagtersbestaan tot die hede, waar volkere in 'n baie groot mate onderlinge verantwoordelikheid op nasionale vlak as deel van hulle bestaan aanvaar. In Suid-Afrika is die beginsels wat die Carnegie-kommissie in die dertigerjare as vreemd aan die volkskarakter beskou het, vandag reeds deel van die volkseie. Alles getuig van 'n wordingsproses -- gemeenskapswaardes in 'n proses van wording en verandering.

Die idee van nasionale en internasionale verantwoordelikheid vir hulpbehoewendes en noodlydendes het ook na Suid-Afrika versprei. In 'n verslag, gedateer 1951, deur die welsynsafdeling van die Johannesburgse stadsraad word reeds verwys na die mens se „reg“ op hulp. Suid-Afrika is beïnvloed deurdat V.V.O-, Amerikaanse- en ander lande se geskifte taanlik vryelik alhier beskikbaar geword het. Dit is van belang dat selfs Suid-Afrika hulp aan onderontwikkelde lande en behoeftige gemeenskappe verleen het.

Kortom, die maatskaplike struktuur is in 'n proses van ontwikkeling. Wysigings in die gemeenskapslewe vind nie oornag plaas nie. Daar is gewoonlik by 'n groot deel van die bevolking die neiging om konserwatief te wees en die nuwe idees eers op die proef te stel.

In die lig van voorafgaande paragrawe is dit duidelik dat gemeenskapsbeskouings self met die ontwikkelingsproses gemoeid is en dat daarom op 'n bepaalde tydstip 'n aansienlike variasie in waardebeoordeling verwag kan word. Hierdie selfde beginsel geld ook versorgingsverantwoordelikheid. 'n Persoon wat sowat dertig jaar gelede - tydens die ondersoek van die Carnegie-kommissie - gratis voedsel, klere, huisvesting, koshuisinwoning, onderwys, ens., ontvang het is beskou as 'n „armblanke“. Self sê die kommissie, soos vroeër aangehaal, dat hierdie verskynsels vreemd aan die volkskarakter is. Vandag is feitlik



al die verskynsels wat die kommissie genoem het, eie aan ons volksbestaan. Die stigma en demoraliseringsbegrip wat aan behoefdiges se adres gerig was, moes dus sedertdien ook heelwat van n verandering ondergaan het. Tege-lykertyd word die waarde van die mens vandag meer as ooit besef en word die noodsaaklikheid dat iedere lid van die gemeenskap maksimale produktiwiteit aan die dag moet lê, terdeë besef. Daar bestaan derhalwe enersyds die behoefte om die selfstandigheidsstrewes van die gemeenskap te bepaal en dit nader aan die gemeenskaps-potensiaal te bring. Andersyds, bring die geleidelike oorgang in gemeenskapswaardes mee dat daar n mate van variasie in die gemeenskapswaardes en beoordelings sal wees. Hierdie faktor is waarskynlik medeverantwoordelik vir die mate van spreidingspatroon wat aangetref is tydens beoordelings.

Die beskouing dat mense basies lui is sodat daar gedurig moet gewaak word dat hulle nie verleende hulp uitbuit en „demoraliseer“ nie, maar dat hulle veel eerder tot teenprestasies aangemoedig moet word, moet vervolgens onder die soeklig kom. Vroeër is daarop gewys dat Brown die beginsel van n basies lui menslike aard verwerp. Zipf het hierdie standpunt ondersteun vir sover hy daarop wys dat die mens n weerstand teen die bereiking van n equilibrium toestand - dit wil sê die dood - het. Die beginsel van „Least Effort“ hou vir Zipf die maksimale bereiking met die minimum poging in. In hierdie betekenis verteenwoordig die beginsel beplanning, koördinasie - dit wil sê intelligente gedrag - en geensins luiheid nie. Luiheid, waar dit verstaan word as n neiging tot passiwiteit, moet eerder as abnormale en patologiese gedrag gesien word. Brown, soos vroeër aangehaal, ontken dat luiheid inherent aan alle mense en deel van die basiese persoonlikheidsstruktuur is. Hierdie beginsel geld ook persone wat onderhoudstoelae ontvang. Daar bestaan dus hoegenaamd geen rede voor om begunstigdes, as n groep, as basies lui te beskou nie. Hulle is nie noodwendig afhanklik as gevolg van luiheid nie. Waar „demoralisering“ voorkom moet dit as n individuele en nie n groepsverskynsel gesien word nie.

Die resultate van hierdie ondersoek wys duidelik in die rigting van 'n normale verspreiding, maar in verhouding tot 'n produktiewe en vooruitstrewende groep is daar 'n deel van die begunstigdes wat 'n swak en baie swak selfstandigheidstrewende openbaar.

Dit moet in gedagte gehou word dat die student 'n geselekteerde groep is. 'n Verteenwoordigende monster uit die breë gemeenskap sou waarskynlik 'n kurwe gegee het wat meer met die van die begunstigdes sou ooreenkom. Om te bepaal of die skaal wel die onderskeid tussen die twee groepe duidelik sou uitbring, was dit nodig om 'n geselekteerde groep te kies.

Die huidige ondersoek toon ook aan dat demoralisering nie 'n buitengewoon groot bron tot kommer behoort te wees nie. Slechs 'n kwart van die begunstigdes is ondergemiddeld selfstandig en maar net een agste baie afhanklik.

Die houdings van begunstigdes ten opsigte van die ontvangs van onderhoudstoelae en hulle eie verantwoordelikheid en die versorging van hulself en hulle gesinne is vir die begunstigdes 'n erg gewigtige en eg persoonlike saak wat die ego van die betrokkenes ten sterkste bybetrek. Tydens alle onderhoude wat gevoer is, was dit opsigtelik dat begunstigdes nie maklik oor hierdie onderwerp gesels nie en veral nie ten opsigte van die aspekte wat met hulle eie verantwoordelikheid in die versorgingsproses verband hou nie. Dikwels is daar 'n neiging om te huiwer of verskonend vir die self op te tree. Die houdings van begunstigdes blyk dus baie spesifiek van aard te wees. Die beplanning van die ondersoek het rekening hiermee gehou om goeie rapport te bewerkstellig en die betroubaarheid van die gegewens te verhoog.

Uitsonderlike gevalle is gevind waar begunstigdes, klaarblyklik as gevolg van die invloede van spanning, vroeëre lewenswaardes en beskouings ten opsigte van hulle eie verantwoordelikhede laat vaar het. Kyk geval B as voorbeeld. Die betrokke persoon vereenselwig haar met twee wyduiteenlopende menings. Volgens hierdie ondersoek is die een mening baie selfstandig van aard en die ander baie afhanklik. Op 'n vraag of sy haar eweveel met beide menings vereenselwig, stel sy die selfstandige mening ondergeskik



aan die afhanklike. Die selfstandige mening is dié waarmee sy opgegroeï het.

Die verskynsel dat persone onder invloed van spanning sekere lewenswaardes in waarde afmerk, kan of die gevolg wees van 'n buitengewoon intense spanning waarteen die persoon nie opgewasse is nie of as gevolg van die feit dat die persoonlikheid onvoldoende ontwikkel is om die spanning die hoof te bied. 'n Verdere verklaring is dat die weerstandsmeganismes in die persoonlikheid juis onvoldoende ontwikkel is as gevolg van te min of te veel spanning gedurende kritieke stadia van die lewe. Dat weerstandsmeganismes in die persoonlikheid self baie belangrik mag wees, spreek uit 'n vergelyking van geval A met geval B. Beide gesinne is reeds vir etlike jare aan moeilike lewensomstandighede onderhewig. In beide gevalle het die persone met selfstandige lewensbeskouings opgegroeï. Geval A behou haar selfstandigheidswaardes ten spyte van die veeleisende lewenssituasie oor etlike jare, terwyl geval B haar vroeëre waardes gedevalueer het. Aangesien die twee persone se omstandighede slegs in breë trekke veeleisend is, sonder dat dit kwalitatief of in omvang identies is, bied die vergelyking geen inligting in verband met die relatiewe sterkte van die weerstandsmeganismes in die twee persoonlikhede nie. Dit toon slegs aan dat die een persoon vroeëre waardes devalueer en die ander nie. Die ondersoek dui egter ook op 'n ander verskynsel, te wete dat waar 'n persoon vroeëre lewenswaardes devalueer, genoemde waardes nie noodwendig heeltemal verwerp word nie, maar nog vir die persoon van sekondêre belang mag wees. Geval B lewer 'n goeie voorbeeld hiervan. Opgevoed in 'n bemiddelde lewensmilieu het sy sekere beskouings gehad ten opsigte van selfstandigheid. Onder druk van baie moeilike lewensomstandighede neem sy houdings oor wat op 'n baie afhanklike lewensbeskouing dui. Weens haar huidige lewensomstandighede - steeds in behoefte - handhaaf sy haar jongste beskouings bo haar kulturele agtergrond, maar verwerp laasgenoemde tog nie. 'n Ambivalente faktor tree hier na vore.

Dit is waarskynlik dat daar in mindere of meerdere mate n stigma aan onderhoudstoelaes kleef. Daar is gevind dat sommige van die begunstigdes wat as selfstandig deur die houdingskaal geklassifiseer is, verkies om nie met die onderhoudstoelaeskema geassosieer te word nie. Hulle identifiseer hulle met die breëre gemeenskap en beskou onderhoudstoelaetrekke as n gevalueerde groep.

In ander gevalle het begunstigdes meegedeel dat tydens hulle oorspronklike aansoeke om toelaes hul nie met die skema geassosieer wou wees nie - behalwe vir die materiële voordeel wat dit bied - maar dat hulle mettertyd daaraan gewoon geraak het. Volke vereenselwiging met die groep kan slegs plaasvind as die persoon volgens sy oorspronklike beskouings self gevalueer word. Dit moet vermy word dat n persoon gevalueer voel omdat n stigma aan die groep wat hulp ontvang, gekoppel word.

Dis een van die basiese geestelike behoeftes van n persoon om deur sy groep aanvaar te word, belangrik te wees in die lewens van andere en te voel dat andere ook in sy lewe n belangrike rol vervul. Wanneer n persoon tot n gevalueerde groep afgesonder word - al is dit slegs dat die persoon dit so vertolk - word n belangrike prikkel uit sy lewe geneem om tot groter motivering, selfverwesenliking (egoversterking) en produktiwiteit te ontplooi. Persone wat onderhoudstoelaes ontvang, behoort nie uitgesonder en geïsoleer te word as n minderbevoorregte groep of klas nie. Die ideaal sou wees om hul identifikasie met die breëre gemeenskap te behou sodat hulle die aspirasies van die laasgenoemde kan deel, sy waardes aanvaar en deelneem aan sy aktiwiteite.

In hoofstuk I is verwys na die menings van Kluckhohn, Murray, Miller, Lazarus en andere, waar hulle wys op die invloed wat spanning en frustrasie op die persoonlikheid het. Onderhoudstoelaagbegunstigdes is persone wat aan buitengewone angs en spanning onderhewig is. Hulle moes behoeftig wees om aan die Departement se middeletoets te voldoen en gehelp kon word. In die meeste gevalle is hulle eggenote - die

broodwinners - oorlede, sieklik, afwesig, of oud. Dikwels word die persoon tydens die afsterwe van haar eggenoot opeens voor die verantwoordelikheid geplaas om haarself en haar gesin te onderhou. Op hierdie wyse kan talle bronne van spanning voorkom en is dit waarskynlik dat ontvangers van onderhoudstoelaes meer dikwels as ander persone uit die breë gemeenskap hulle spanningsweerstandsdrempel kan oorskrei en oorgee aan die „irresistable tide“.

Die probleem is veral groot omdat die staatskas nie n ideale versorging kan aanbied waar die betrokke gesinne se inkomste redelik vergelyk met die breë gemeenskap nie. Verder word onderhoudstoelaetrekke slegs n minimale vry inkomste (R15) toegelaat. Indien die gesinne n groter inkomste as hierdie minimum uit ander bronne as staatsfondse ontvang, word die toelae in verhouding tot die inkomste verminder. Hierdeur bied die gemeenskap weinig aanmoediging vir die betrokke gesinne om tot groter egoverwesenliking (selfstandigheid) te groei. Die gemeenskap bied wel geleentheid vir die gebruik van bewaarskoolgeriewe, maar tans word oorwegend voorkeur daaraan gegee dat die moeders tuisbly en hulle kinders versorg.

Gedurende die ondersoek is etlike gevalle gevind waar begunstigdes geen beswaar teen toetrede tot die arbeidsmark gehad het nie. Andere sien in die beroepsarbeid as sodanig aanleiding tot verwaarlosing en deel so die mening van die gemeenskap.

Dan word die beginsel van teenprestasies soms aan die hand gedoen as metode om demoralisering teen te werk. Wanneer die teenprestasiebegrip breed vertolk word, sluit dit nie slegs direkte vergoeding in nie, maar verwys dit ook na indirekte dienste. So byvoorbeeld is dit ook n teenprestasie as die moeder haar kinders goed versorg en hulle geleentheid om goeie burgers te word, verhoog. Wright, Pintner, Barker en andere, het reeds daarop gewys dat die gestremde persoon nie gedevalueer wil voel nie. Dieselfde geld die onderhoudstoelaegevalle wat maatskaplik gestrem is en nie vryelik op die ope arbeidsmark kan meeding nie.

Indien / .....

Indien die gemeenskap verkies dat dié persone eerder hulle kinders versorg as om tot die beroepsarbeid toe te tree, val die klem op hulle waarde as versorgers en opvoeders van hulle kinders - n langtermyn bate vir die gemeenskap. Die gevaar bestaan dat as die waarde van hulle funksie - wat die gemeenskap van hulle verwag - nie uitgesproke en doelbewuste erkenning geniet nie, die begunstigdes gedevalueer mag voel omdat hulle moontlik nie in staat is om die materiële versorging by te bring nie.

Die resultate van hierdie ondersoek gee weinig steun aan die idee dat die hulp wat verleen word aanleiding tot afnemende selfstandigheidstrewes gee. Die resultate dui op n normale verspreiding met geringer afwykings by die punte selfstandig en baie afhanklik. In eersgenoemde geval is die afwyking van die normale verspreiding dat die kurwe n geringe dalende neiging toon. In die tweede geval is die afwyking dat die kurwe nie van die afhanklike posisie na die baie afhanklike daal nie. In die uitsonderlike gevalle waar persone se strewes tot selfstandigheid afgeneem het, is dit moontlik dat die afname aan te geringe of ondoeltreffende hulp gewyt kan word. Die afname kan ook gesien word as die gebrek in doeltreffendheid van die persoonlikheid om spannings en angs te verwerk op grond van opvoeding, ondervinding en basiese erflike toerusting. Die ondersoek toon verder aan dat die begunstigdes baie goed verteenwoordig is op die baie selfstandige posisie op die skaal. Dit dui waarskynlik op n bestendige selfstandigheidstrewes by daardie persone. Die kliniese gegewens in verband met geval A bevestig dat dit vir begunstigdes moontlik is om hulle selfstandigheidstrewes te behou, selfs onder moeilike omstandighede en oor lang tydperke.

Kulturele faktore is van groot belang by die verskynsel van selfstandigheid. Behalwe dat die gemeenskap se waardasie en evaluasie van die selfstandighedsnorme aan wysiging onderhewig is, moet in gedagte gehou word dat die kulturele beïnvloeding op die persoonlikheid van baie groot belang is. Die mens is n sosiale wese en lid van n gemeenskap met norme, n eie geskiedenis en kodes waarmee hy in voortdurende interaksie verkeer.

n Voorbeeld hiervan is in hoofstuk I bespreek waar verwys is na die bevindinge van Svarc. Wanneer n persoon se omstandighede verander moet daar voortdurend aanpassings plaasvind. Teenstrydige houdings kan vir die begunstigdes probleme van angs en onsekerheid veroorsaak.

Maatskaplike werk kan in hierdie opsig veel bydra om enige onduidelikheid in verband met die posisie van persone wat onderhoudstoelaes ontvang uit die weg te ruim en verder te help om die geholpenes se persoonlike probleme op te los.

Een van die onduidelikhede wat bestaan, is die vraag of begunstigdes die staatshulp as n reg moet beskou wat, desnoods, selfs afdwingbaar behoort te wees. n Ander moontlikheid is dat die hulp as n voorreg of guns beskou word. In laasgenoemde geval kom die idee van aalmoese sterk op die voorgrond. Die begrip word vandag buite sy oorspronklike verband gebruik en het sedertdien n stigma verkry. Dit is n ope vraag tot watter mate die hedendaagse beskouings, in opvolging van Cicero, op selfsugtigheid gegrond is en deur allerlei vorme van rasionalisasie onder n aanvaarbare dekmantel geplaas word.

Die onderhoudstoelaetrekke bestaan, as groep, uit sowat twee vyfde persone met n gemiddelde en hoër selfstandigheidstrewe ten opsigte van die ontvangs van staatstoelae. Slegs sowat een vyfde van die gevallense selfstandigheidstrewe is onder die gemiddelde.

n Breë opvoedingsprogram op maatskaplike en godsdienstige vlak, behoort in elk geval te bestaan as agtergrond vir die behandeling van persone wie se strewe tot selfstandigheid bevorder moet word en waar ego-versterking noodsaaklik is. Die breë opvoedingsprogram dien tegelykertyd as n voorkomingsdiens om verslapping in selfstandigheidstrewe te voorkom. Die opvoedingsprogram moet aangevul word deur duideliker formulering van die bevoordeeldes se posisie in die gemeenskap. Verder moet dit ook aangevul word deur Maatskaplike werkmodes, hulpmiddels en tegnieke,



asook die beskikbare dienste van organisasies en instellings en die kennis van ander vakwetenskappe.

In die gevalle waar die onderhoudstoelaetrek- kers se motivering tot selfstandigheid nie baie swak is nie, kan aanmoediging en openlike bevestiging van hulle persoonlike waarde- as n nie-gedevalueerde groep - baie bydra om groter produktiwiteit en self- standigheid aan te moedig.

### SAMEVATTING

1. Die menings wat vir die finale houdingskaal aangewend is, word glad nie of hoogstens in n baie beperkte mate deur sub-kulturele en omgewingsfaktore beïnvloed. Die derdejaar Universiteitstudente en die vroue-klerke is uit grootliks verskillende sosio- ekonomiese omstandighede afkomstig; desnieteenstaande het hulle n gemeenskaplike benadering van die self- standigheidstrewes wat deur elk van die menings verteen- woordig word.

2. Die vereiste om slegs menings in aanmerking te neem waar 80% of meer van die beoordelings binne perke van drie aaneenliggende punte op die skaal konsentreer -

- (i) het bygedra dat die mediaan vir elk van die menings baie weinig verskil het van die rekenkundige gemiddelde; met uitsondering van die oorspronklike posisies 1 en 7 op die 7-punt skaal. Die aanwending van die Mx het hierdie posisies laat verval. In die ander gevalle was die verskil tussen die mediaan en die Mx so gering dat benaderde Mx-syfers, tot die naaste eenheid, telkens op die mediaanwaarde te staan gekom het;
- (ii) het aanleiding gegee tot n betreklike relativiteit in meting. Volgens die standaardafwyking strek die verspreidingswydte van die beoordelings vir elk van die menings oor sowat die helfte van die skaallengte.



3. Die verspreidingswydte van die beoordelings kan die gevolg wees van die volgende:-

- (a) Die relatiewe aard van die begrip „selfstandigheidstrewes" of „selfstandigheidsingesteldheid".
- (b) Die feit dat gemeenskapsbeskouings ten opsigte van onderlinge hulpverlening in 'n proses van wording en verandering is. Dit speel 'n belangrike rol by die verspreidingswydte van beoordelings. Die Suid-Afrikaanse gemeenskap het reeds vorme van hulp, wat slegs 'n paar dekades gelede as vreemd aan die volkskarakter beskou was, in die volkseie opgeneem. Die aanvaarding van onderlinge versorgingsverantwoordelikheid op nasionale vlak, bestaan tans onder meeste volkere en state. Die wyerwordende aanvaarding van onderlinge versorgingsverantwoordelikheid is besig om ook op internasionale vlak te ontwikkel. Hiermee gaan gepaard, die feit dat spesifieke vorme van staatshulp in sekere state van die V.S.A. en sommige Europese lande as 'n reg beskou word en soms selfs deur appélregte gerugsteun word.

Die openbare mening verander baie selde radikaal binne 'n baie kort periode. Maatskaplike katastrofes kan wél bydra dat die oorgangsproses bespoedig word, maar ondersoekers soos Kluckhohn en Murray<sup>Ø</sup> het reeds daarop gewys dat sekere faktore die proses vertraag.

Waar gemeenskapswaardes, ten opsigte van onderlinge versorging, in 'n proses van ontwikkeling is, moet verwag word dat die individuele lede van die gemeenskap graadverskille in hulle menings sal toon; veral omdat versorgingsverantwoordelikheid so niters nou skakel met die beginsel van selfstandigheidstrewes. Dit is die geval omdat sommige

persone / ....

Ø Aangehaal in Hoofstuk I.

persone meer geneigd is tot konserwatiewe denke en optrede as andere.

- (c) Die verspreidingswydte van beoordelings kan in mindere mate selfs die gevolg wees van menslike foute. Die lys menings, wat beoordeel moes word, was lank en het baie tyd van beoordelaars opgeneem. Hierdie faktor maak dit wenslik om die menslike fout as moontlike aanleiding tot die verspreiding te noem.

4. Die huidige ondersoek het in die beplanningstadium nie spesifiek voorsien vir die verskynsel van ambivalensie nie. Vroeg in die ondersoek het die probleem egter opgeduik.

Die finale houdingskaal, met die gepaardgaande opdrag om slegs op een mening te reageer, leen hom nie vir die meting van ambivalensie nie. Die persoon word beperk tot n voorkeur antwoord.

Ambivalensie is in sigself n aanduiding dat waarde aan teenstrydighede geheg word en dit kan tot aanpassingsprobleme lei wanneer dit ernstige innerlike konflikte uitlok. Die finale skaal kan gebruik word as maatstaf om ambivalensie te bepaal maar dan moet dit eers vir daardie doel ingerig word.

Ambivalensie het egter die neiging om sentrale waardes, by die bepaling van skaaleenhede, algeheel onbetroubaar te maak.

5. Die toepassing van die skaal het duidelik gedifferensieer tussen n groep studente van die Pretoriase Onderwys Kollege en n groep persone wat onderhoudstoelaes ontvang. Die studente was as groep deurgaans meer selfstandig ingestel as die toelaetrekke.

Die groep studente kan nie as n monster van die breë gemeenskap beskou word nie. Intendeel, die studente vorm n geselekteerde groep waar sterker selfstandigheidstrewes veronderstel en ook gevind is.

6. Met / .....

6. Met geringe uitsonderings dui die selfstandigheidsingesteldheid-indeks van toelaetrekkeers op n normale verspreiding. n Soortgelyke verspreiding kan moontlik verwag word, wanneer die skaal op n monster uit die breë gemenskap toegepas was. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die skaal voortdurend aangepas moet word by veranderende omstandighede.

7. Enkele gevallestudies wys op die vermoë van sommige persone om hulle selfstandigheidsstrewes feitlik onveranderd te handhaaf ten spyte van moeilike omstandighede oor lang tydperke. Ander persone mag weer neig om vroeëre selfstandige waardes onder moeilike omstandighede prys te gee of dit tenminste aan afhanklike waardes ondergeskik te stel.

## H O O F S T U K VI

### SAMEVATTING EN SLOT

Maatskaplike werkers en ander persone wat met Onderhoudstoelaagbegunstigdes werk, het by sommige van die groep n neiging opgemerk om van staatstoelaes afhanklik te word. Die vraag het ontstaan waaraan dit gewyt moet word en in hoe n mate die onderhoudstoelaagbegunstigdes as groep aan die verskynsel onderhewig is. Die Departement van Volkswelsyn en Pensioene het in n onlangse ondersoek die omvang van die verskynsel geraam. Die doel van hierdie ondersoek was om op n meer objektiewe wyse die omvang van die verskynsel te bepaal. Daar is besluit op n houdingskaal as meet instrument.

Die keuse het verder op die metode van Thurstone geval. n Groot getal toepaslike menings is uit boeke, tydskrifte, lêers (briewe) en onderhoude versamel om beoordeel te word. Nadat die menings deur 22 beoordelaars n monster van die bevolking-beoordeel is met die oog op n voorlopige sifting van dubbelsinnige en onduidelike menings, is daar beplan om die orige menings aan drie groepe beoordelaars vir beoordeling voor te lê. Twee groepe is redelik homogeen en verteenwoordigend van verskillende maatskaplike strata; die derde groep is heterogeen en sluit die verskillende Maatskaplike strata in. Ongelukkig het die laasgenoemde groep beoordelaars swak reageer en het hierdie groep se bydrae verval. Onder omstandighede was dit nodig geag om verdere kontroles in te voer om die betroubaarheid van die twee groepe se beoordelings te bepaal; veral omdat die totale getal beoordelaars nou veel laer was as wat oorspronklik beplan is. Die kontroles is verder aangevul deur die ~~bere~~ berekening van die standaard afwyking.

Die eerste kontrole het daaruit bestaan dat die menings - ten opsigte waarvan minder as vyf persent beduidende verskil vir die twee homogene groepe was - na beoordeling deur die groepe en n vergelyking op grond van die berekening van  $\chi^2$  aan agt persone wat onderhoudstoelaes ontvang, voorgelê is. Die agt onderhoudstoelaagbegunstigdes woon almal buite die stedelike gebied, maar grensende daaraan. Die doel hiervan was om te voorkom dat die begunstigdes binne die stadsgebied

beïnvloed / .....

beïnvloed word. Die menings wat hulle moes beoordeel, het al die verskillende grade op die skaal verteenwoordig. Vir sommige punte op die skaal was daar etlike verteenwoordigende menings en die hipotese was dat begunstigdes hulle met ooreenstemmende menings op die skaal sal vereenselwig, indien die menings werklike skaalwaarde het. Begunstigdes kon hulle met net soveel menings as wat hulle verlang vereenselwig.

Die tweede kontrole het daaruit bestaan dat tien vrae, in die betrokke verband, aan die agt begunstigdes gestel is. Die antwoorde op die vrae is op n versteekte bandopnamemasjien opgeneem en later woordeliks oorgeskryf, behalwe vir die weglating van gegewens wat die betrokke begunstigde kan identifiseer. In die geval van twee van die begunstigdes het tegniese probleme ingetree en was die gesprek óf te onduidelik óf glad nie opgeneem nie. Vir die twee kontroles is daar derhalwe van slegs ses begunstigdes se hulp gebruik gemaak. Die antwoorde van die begunstigdes (op die tien vrae) is vervolgens aan tien persone oorhandig wat baie kennis van begunstigdes het. Hulle is versoek om die begunstigdes daarvolgens op die skaal te beoordeel.

Die kontroles het aangedui dat die skaal wél meet wat dit veronderstel is om te doen<sup>x</sup>; maar die probleem van ambivalensie\* het opgeduik. Die feit dat n persoon met ambivalente waardes hom kan vereenselwig met waardes aan die teenoorgestelde kante van die skaal het die feit navore gebring dat daar so min moontlik menings vir iedere punt op die skaal behoort te wees en dat die begunstigdes versoek moes word om slegs op dié mening te reageer waarmee hulle hul die meeste vereenselwig. (Die doel van die ondersoek was immers nie om die omvang van ambivalensie te meet nie). Om die eindpunte van die skaal te aksentueer en enige moontlike neiging om daarvoor weg te skerm teen te probeer werk, is twee menings vir elk van die eindpunte op die skaal geneem.

Die / .....

x Al is die meting sodanig dat dit meer afgerond kan word.

\* Die begrip moet nie hier vertolk word as sou dit met teenstrydige - of nie-verwante elemente te doen hê nie. Dit word hier gebruik in verband met twee uiterstes van dieselfde verskynsel naamlik n baie sterk selfstandigheidsingesteldheid óf n baie swak selfstandigheidsingesteldheid.

Die sewe menings is vervolgens deur 35 onder-  
houdstoelaagbegunstigdes en 40 studente beoordeel.  
Hulle moes slegs die mening aandui waarmee hulle hul die  
meeste vereenselwig. Aangesien skaalwaardes reeds aan  
die menings toegeken was, kon die begunstigdes en  
studente se selfstandigheidsingesteldheid ten opsigte van  
staatstoelaes bepaal word. Die twee groepe se resultate  
is op 'n persentasie van die groep-basis vergelyk en  
interessante gegewens is verkry.

Die ondersoekgegewens beklemtoon veral die  
volgende:-

- (a) Die skaal stel studente se selfstandigheids-  
ingesteldheid - as groep - veel hoër as die van  
begunstigdes. Dit bevestig die veronderstel-  
ling dat die skaal 'n onderskeid moet maak  
tussen die resultate van geselekteerde groepe.  
'n Hoër ingesteldheid kan verwag word van 'n  
groep soos die studente met hulle hoër skolas-  
tiese opleiding, ideale en ondernemingsgees.
- (b) Sowat 'n kwart tot twee-vyftes van die begun-  
stigdes het hoogswaarskynlik 'n laer as  
gemiddelde selfstandigheidsingesteldheid.
- (c) Die basiese persoonlikheid van die persoon is  
van groot belang vir die handhawing van 'n  
sterk selfstandigheidsingesteldheid of waar 'n  
persoon meer tot afhanklikheid neig. Hiermee  
gaan saam die invloede van spanning, angs en  
frustrasie op die persoonlikheid. Aanduidings  
is ook gevind dat persone verskil ten opsigte  
van hulle weerstandsvermoë teen spanning,  
angs en frustrasie.
- (d) Dit is opvallend dat die skaal aandui dat,  
in beide die gevalle van die begunstigdes  
en studente, die grootste persentasie 'n  
gemiddelde sterkte selfstandigheidsingesteld-  
heid het.

#### SLOT.

Die ondersoek verskaf betroubaarder resultate as  
wat sover deur ramings gemaak is.

As diagnostiese instrument het dit

waarde / .....



waarde, mits dit toegepas word binne perke van die betroubaarheid daarvan en voortdurend in gedagte gehou word dat gemeenskapsnorme in verband met selfstandigheidsingesteldheid in 'n proses van ontwikkeling en verandering is. Dit sal van tyd-tot-tyd nodig wees om dit aan te pas en verder uit te bou. Houdingsmeting is nie die enigste indeks van 'n persoon se motivering nie en moontlik mag ondersoek in verband met ander vorme van gedrag vrugbare resultate lewer.

Die ondersoek bring 'n paar feite navore wat die aandag nie kan ontglip nie en wat vraagtekens ná sekere staande idees en gemeenskapsgebruike plaas. Dit is sterk te betwyfel dat alle mense basies lui is en dat hulle met wantroue bejeën moet word. Aanmoediging van persoonlike verantwoordelikheid kan nie onderskat word nie. Omdat alle mense nie basies lui is nie, word dit betwyfel dat die verlening van baie hulp 'n deurslaggewende faktor kan wees om afhanklikheid te bevorder. Dit wil eerder voorkom of te min hulp so 'n ontmoedigende uitwerking kan hê omdat dit nie daarin slaag om basiese spannings en angs bevredigend teen te werk nie. Die minderheidspersone wat basies meer tot afhanklikheid geneigd is, sal deur enige hoeveelheid hulp tot afhanklikheid aangemoedig word. In hulle gevalle mag groter hoeveelhede moontlik 'n meer deurslaggewende rol speel en onaantreklike hoeveelhede 'n minder deurslaggewende rol.

In die lig van die toenemende toetrede van die vrou tot die buitenshuise beroepsarbeid, onlangse ondersoek in verband met die invloede van die vrou se beroepsarbeid op haar kinders se aanpassing en ander aanverwante faktore, tree die vraag navore of die Suid-Afrikaanse gemeenskap nog lank voorkeur daaraan sal gee dat die begunstigdes van staatsondersteuning afhanklik moet wees.

Daar bestaan 'n neiging om verleende materiële hulp (as onafhanklike faktor) verantwoordelik te hou vir die beweerde demoralisering van persone wat gehelp word. Die klem is waarskynlik misplaas in die lig van die basiese persoonlikheidsstruktuur van die mens en die feit dat sommige begunstigdes hulle hoë graad van

selfstandigheid / ....

selfstandigheid bly behou ten spyte van die ontvangs van materiële hulp oor lang tydperke. Materiële hulp kan slegs n sekondêre funksie in n opvoedingsprogram vervul en behoort aangevul te word deur ander primêre opvoedings- en rehabilitasieprogramme. Hiermee handhaaf die onder- soeker die Ou- en Nuwe Testamentiese beskouings van n tweeledige versorgingsprogram; die een gemik op die liggaamlike versorging met hoogstens sekondêre geestelike en opvoedkundige inslag en die ander suiwer op geeste- like-godsdienstige en maatskaplike vlak.